

5 Mei

Skrifgedeelte: Matteus 13:31-35

Fokusgedeelte: Matteus 13:33

God se genadewerk in jou lewe

Het jy al die heerlike geur van vars brood geruik? Dit laat 'n mens se mond behoorlik water! Met hierdie gelykenis wys Jesus ons op God se genadewerk in ons lewe. Die begin daarvan is *soos 'n vrou wat suurdeeg neem en drie mate meel*. Rou meel is smaakloos, maar werk suurdeeg daarin, dan kan jy smaaklike brood daarvan bak.

Só is ons! Met sonde bevlek en besmet, kan jy niks anders as meel wees nie – jou lewe is smaakloos. Eers as die suurdeeg van God se genade deur die Heilige Gees in jou hart ingewerk is, dan word jou lewe smaakvol. Die Heilige Gees werk dié suurdeeg deur die Woord in jou hart en lewe in. Daar is ook voortgang in die genadewerk. Jesus sê dat die vrou die suurdeeg in die meel *inwerk*. Sy knie en hou aan knie tot die meel *heeltemal* deursuur is. Wanneer suurdeeg en meel so vermeng is, dan word droë, smaaklose meel smaakvol!

Só sit die Heilige Gees God se genadewerk in jou voort. Hy werk die suurdeeg van God se genade in jou hart in, sodat dit jou lewe deursuur. Dan rys jou lewe uit tot voedsame, smaaklike brood, waardeur ander hongeriges gevoed word. Die Heilige Gees gebruik jou om ook brood uit te deel deur 'n woord van bemoediging, 'n sms van troos, 'n teregwysing aan iemand wat die pad byster geraak het. Hy gebruik jou om met jou voorbeeld van gehoorsaamheid aan jou Koning Jesus Christus nog meel in die skottel van God se koninkryk te gooi!

Maar God voltooi ook sy genadewerk. Die vrou in ons gelykenis knie die suurdeeg in tot al die meel *heeltemal ingesuur is*. Die suurdeeg eis toegang tot elke krieseltjie meel. As die meel *heeltemal ingesuur is*, kan die suurdeeg nooit weer uit die meel weggeneem word nie. Die Heilige Gees sal God se genadewerk in ons harte en lewens voltooi. Hy neem nooit weer die suurdeeg van God se genade uit ons lewe weg nie.

Terwyl ons hier op aarde geknie word, vat twyfel soms met koue vingers aan jou hart. Jy struikel. Jy val uit swakheid in sonde. Jy raak moedeloos. Dit voel of jou lewe net meel bly. Weet dan: God sal die goeie werk wat Hy in jou begin het, deur die genade van die Heilige Gees tot die einde deurvoer (Fil. 1:6). Hy knie ons tot ons eendag met Christus se wederkoms in volmaakte eenheid met Hom en mekaar sal lewe!

Laat jou deur die Heilige Gees inknie, sodat die suurdeeg van God se genade jou hele lewe deursuur. Laat die geur van vars gebakte brood elke dag in jou lewe geruik word, sodat hongerige sondaars kan naderkom om as meel in die skottel van God se koninkryk ingesuur en ingeknie te word!

Sing: Psalm 105:1, 2 (Totius)

Ds. AP Krüger (Welkom)